Nico Malan

Die grondslag vir jou lewensreis

HOLISTIESE ONDERRIG

Nico Malan erken die leerders as 'n geheel, met gebalanseerde geleenthede vir liggaam, gees en verstand. (akademie, sport, kultuur en klubs)

AKADEMIE

Uitstekende akademiese uitslae word jaarliks behaal met verskeie leerders wat A-gemiddeldes verwerf. Meer as 65 % leerders slaag met matrikulasievrystelling. Leerders neem deel aan olimpiades, vasvra- en ander kompetisies om vakkennis verder te verbreed. Een van die top akademiese skole in die Oos-Kaap.

'n Wye vakkeuse:

- Afrikaans Huistaal
- Afrikaans Eerste Addisionele Taal
- English Home Language
- English First Additional Language
- Lewensoriëntering
- Wiskunde
- Wiskundige Geletterdheid
- Fisiese Wetenskappe
- Lewenswetenskappe
- Aardrykskunde
- Ekonomie
- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Rekenaartoepassings-tegnologie
- Inligtingstegnologie
- Ingenieursgrafika en -ontwerp
- Toerisme
- Verbruikerstudies
- Visuele Kuns
- Musiek

JOT - Jesus Our Teacher

Om elke jongmens bewus te maak dat
Jesus Christus die Verlosser is

Ons leerders word op verskeie terreine toegerus om vanuit hulle verhouding met Jesus Christus te funksioneer. Persoonlike gesprekke, groepwerk, praktiese uitleef van geloof na ander maak JOT 'n veilige hawe vir ons tieners.

Kom besoek ons en word deel van ons familie!

SPORT

SPORTSOORTE:

SOMER	ETOS	WINTER
Atletiek Krieket Tennis Gholf Swem Branderplankry	LOJALITEIT PUIK AFRIGTING PASSIE SELFDISSIPLINE VERNUWENDE DENKE SUKSES IN BALANS MORALITEIT OPVOEDKUNDIG	Rugby Hokkie (seuns & dogters) Netbal Gholf Tennis Branderplankry

'n Trotste tradisie van deelname en prestasie is oor jare opgebou. Afrigting word op 'n hoë vlak hanteer en leerders se talente en vaardighede word ontwikkel. Verskeie provinsiale en nasionale verteenwoordigers word jaarliks opgelewer in verskeie sportsoorte. Nico Malan glo 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees.

FASILITEITE:

Gras-atletiekbaan • 2 Rugbyvelde • 3 Hokkievelde • 4 Tennisbane
7 Netbalbane • Swembad • 2 Krieketvelde • 5 Krieketnette
8 Sportkleedkamers • Onderdakpawiljoen • Luukse klubhuis

ONS SPORTVISIE:

SPORT WORD BEDRYF AS 'N OPVOEDKUNDIGE HULPMIDDEL OM 'N GEBALANSEERDE MENS TE LEWER WAT OP ALLE TERREINE SOSIAAL AANVAARBAAR IS, MET 'N DOELWIT VAN OPTIMALE PRESTASIE.

KULTUUR

Die skool ontwikkel talente op verskillende terreine sodat meer vaardighede aangeleer word om die kind te help om 'n goed toegeruste volwassene te word. 'n Groot verskeidenheid kulturele aktiwiteite verseker dat meer leerders die geleentheid het om met passie te speel, spreek, sing en skep.

- Koor
- Toneel
- Drama
- Makietie
- Redenaars
- Debat
- Vasvra
- Music Trivia
- Revue
- Dans
- Inicol
- Skryfkompetisies
- Fotografie
- Skaak
- Wêreldkennisolimpiade
- Interact

DISSIPLINE

Nico Malan is 'n waardegedrewe skool. Ons onderskryf waardes vanuit Bybelse beginsels en eer God en mekaar. Deur konstant te strewe na uitnemendheid, vestig Nico Malan se onderwysers dissipline by leerders en behaal leerders daardeur sukses.

KOSHUISE

Lushof (seuns) en Huis Meiring (dogters) bied 'n huis aan elke inwoner waar hulle kan tuis voel. 'n Ongelooflike samehorigheidsgevoel word gebou en respek, verantwoordelikheid en lojaliteit word hier aangeleer. Verblyf: Maandae tot Vrydae.

VERVOERDIENS

Leerders word daagliks vervoer deur Humansdorp Vervoerdienste vanaf Jeffreysbaai en Astonbaai en terug. Toere word gereeld onderneem met veilige busse en verantwoordelike bestuurders.

KONTAKBESONDERHEDE

Skoolkantoor:

☎ Telefoon: 042 295 1130
Faks: 042 291 0411 / 086 697 5661
E-pos: nicomalan@gmail.com
Webtuiste: www.nicomalan.co.za

Huis Meiring:

☎ 042 295 1337

Lushof:

☎ 042 295 1441

PLATTELANDSE FAMILIE

Nico Malan is 'n gesin wat omgee. Dit kan gesien word in die gevoel van behoort by die skool, verwelkoming van leerders uit alle agtergronde in die samelewing, ongelooflike gees asook die respek tussen leerders en onderwysers.